




BRITSE DEEL VAN DUITSLAND WORD BELSENKAMP

Veldm. Montgomery, Britse opperbevelhebber in Duitsland, het die Britse kabinet meegedeel dat as die rantsoene in die Brits-besette deel van Duitsland verder gesnoei word, dit sal beteken dat die Duitse volk daar minder kos per dag sal kry as wat die inwoners van die Belsenkamp ontvang het.

Montgomery het gesê dat die voedselrantsoene teen April moontlik so laag as 700 kalories per dag sal wees, terwyl die rantsoene van die Belsenkamp onder Duitse bestuur op 1,200 per dag begin en tot 800 afgeneem het.

Unie Het Ook Kuns Geroof Johannesburg Wil Aandeel Hê

Die Johannesburgse stadsraad het besluit om die regering te versoek dat die Duitse en Italiaanse kunswerke wat deur die regering gekonfiskeer is, aan die stadsraad afgestaan word. Hierdie voorstel is aangeneem met 'n meerderheid van tien stemme.

Sommige van die lede het ten sterkste beswaar aangeteken teen hierdie voorstel. „Ons maak ons medepligtig aan die gruwelike oorlogsmisdad waarvan ons die Duitsers gedurende die oorlog beskuldig het. Dit is eerder ons plig om die regering te versoek om die gesteelde kunsskatte aan hulle regmatige eienaars terug te besorg,” het mnr. P. de Kock verklaar.

Mnr. Immink, oud-burgemeester, het hierdie sienswyse gesteun. Hy het daarop gewys dat die raad geen reg het op die kunsskatte wat nie aan die Duitse regering behoort het nie maar aan privaat individue. Hy het verklaar dat dit die raad nooit gelukkig sal maak nie.

Kommuniste In Berlyn Gevang

Kort na die aankondiging dat Amerika se houding teenoor Rusland verhard het, berig Sapa-United Press dat twaalf Duitse kommuniste, van wie een 'n bekende wyksleier is, deur die Amerikaanse owerheid in Berlyn in hegtenis geneem is. Hulle het na bewering nie genoeg eerbied aan die Geallieerdes betoon nie. Hulle sou verder geprobeer het om die Duitsers te intimideer in stryd met die bevel van die owerheid.

Hierdie inhegtenisname is die eerste van sy soort tydens die besetting van Duitsland.

SOLDATE WAG OOK OP VOLKSFRONT

Stel Geen Belang In Partytwiste

Die houding van die teruggekeerde soldaat kan as volg saamgevat word, het soldate wat so pas uit Italië teruggekeer het, aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. meegedeel:

Hulle is anti-Smuts, anti-Joods, anti-kommunisties en anti-Brittanje, maar hulle sien nie kans om hul gewig aan die kant van 'n verdeelde opposisie in 'n verkiesing te werp nie.

„As die opposisie-groepe nie wil saam werk nie, het ons voorlopig geen belangstelling in die politiek nie,” het een van hulle beklemtoon.

Hulle verklaar dat die kommuniste baie bedrywig was onder die soldate in Italië, maar dat dit geen vrug afgewerp het nie. 'n Kommunist van vreemde nasionaliteit, maar 'n vrywilliger in die Unie-leër, wat hulle op een plek in Italië toegesprek het, is in die middel van sy toespraak van die balkon af in die water gegooi.

TEVERGEEFS

Die soldate voel diep teleurgestel met die hele politieke toestand, binne- sowel as buitelandse. Hulle besef dat Rusland

sterker uitgekóm het en 'n groter gevaar vir die wêreld is as wat Duitsland ooit kon wees. Hulle voel dat hulle dus tevergeefs geveg het. „As daar môre oorlog teen Rusland uitbreek, sluit ek onmiddellik weer aan,” het 'n Afrikaner van die Sesde Divisie gesê.

Die soldate kan egter nie begryp waarom die opposisie-groepe in ons land nie saam kan staan teen die Smutsbewind nie, het hy gesê. Hierdie verdeeldheid verlam hulle so dat alle belangstelling vir die politiek verdwyn. „Ons voel maar net verbitterd teen almal.” Die Ossewabrandwag se beleid van 'n volksfront in plaas van 'n partystryd teen die Smutsbewind, is die beleid wat die soldaat onderskryf. As dr.

Malan grootmoedig genoeg wil wees om so 'n front te help tot stand bring, is daar geen twyfel oor die steun van die oudsoldate nie, is verklaar.

Het Churchill Nou Berou?

In sy toespraak verlede week het Churchill soveel as erken dat die afgelope oorlog teen Duitsland 'n fout was, en daar het onmiskenbaar spyt oor die vernietiging van Duitsland uit sy woorde opgeklank. Hy het gesê:

„Verlede keer het ek dit alles sien kom en hardop geroep, maar niemand het notisie geneem nie. Daardie oorlog kon vermy gewees het sonder om 'n enkele skoot te skiet, en Duitsland kon vandag sterk, voorspoedig en geëer gewees het, maar niemand wou luister nie en een vir een is ons almal in die verskriklike draaikolk gesuig.”


Die feit dat Churchill homself in hierdie stadium begin voorhou as iemand wat die oorlog teen Duitsland wou voorkom het, dui moontlik daarop dat hy 'n stygende berou oor die vernietiging van Duitsland in die aangesig van die Russiese gevaar by die Westerse volke verwag.

Spioenasie Ook In V.S.A.

Ondersoek het aan die lig gebring dat daar ook 'n buitelandse spioenasie-ring in Amerika bestaan wat poog om inligting te verkry oor die atoombom. „Ons het ver genoeg gevorder met ons ondersoek om te kan bewys dat daar elemente in hierdie land is wat beslis inligting soek waarvan ons militêre owerheid nie die inligting gemagtig het nie,” het die voorsitter van die komitee van ondersoek na spioenasiebedrywighede in Amerika verklaar. Hy het die mening uitgespreek dat daar Amerikaners by die spioenasie betrokke kan wees, maar dat die inligting daarop dui dat die spioenasie deur vreemde volke gedoen word.

Hughes, voormalige Australiese eerste minister, het verklaar dat Rusland vandag in die veiligste posisie verkeer, maar desondanks is sy agente in alle lande bedrywig. As Rusland nie gehoor wil gee nie, moet ons hom plattrek,” het Hughes gesê.

Verset In Indië



Engeland se posisie in Indië word by die dag meer onhoudbaar.

Die Indiese leier Nehroe het aan Engeland die raad gegee om hewers die vryheid van Indië te erken, eerder as om oor 'n jaar gedwing te word om dit te gee. Hy het geëis dat Indië onmiddellik sy vryheid moet verkry. As daar nou tot 'n verstandhouding gekom kan word, sal daar nog vir Engeland iets uit die puin te red wees, het sy gesê.

Studente het in die strate van Bombaai betogings gehou en die Union Jack van die goewerneur se motor geruk. Hulle het die vrylating geëis van 'n kaptein van die Indiese Vryheidsleër wat tot sewe jaar tronkstraf veroordeel is.

Ernstige opstote word verwag as gevolg van die gebrek aan voedsel en die hongersnood wat dreig.

Op die foto is 'n Indiese leier en vrou besig om matrose op te sweep tydens die onluste in Bombaai voorverlede week.

BETREKKINGE VERSLEG TUSSEN DRIE GROTES

Die betrekkinge tussen die Drie Grotes het in die afgelope week nog verder versleg weens die Russiese willekeurige optrede in Mantsjoerye en Persië.

Engeland het die voorbeeld van Amerika gevolg om amptelik protes aan te teken teen die verwydering van nywerheidstoerusting in Mantsjoerye. Die traagheid van die Russiese regering om te antwoord op die Britse nota wat verduideliking gevra het van sy verbreking van die Teheran verdrag ten

opsigte van Persië (Irak) deur te kenne te gee dat hy nie voornemens is om al sy troepe uit die land terug te trek nie, het gelei tot 'n tweede nota waarin die Britse regering aandrang op antwoord. Inmiddels word nog hewig gespekuleer oor die wenslikheid van 'n militêre verbond tussen Amerika en Engeland as 'n maatreël om „Russiese aggressie” die hoof te bied, soos voorgestel deur Churchill.

In Moskou was die reaksie oor die algemeen 'n geroep om versterking van die Sowjet se militêre magte, terwyl in Kanada besorgdheid uitgespreek word oor die veiligheid van Kanada in geval van oorlog, aan-

gesien daar uraan-bestanddeel van die atoombom gevind word. „Die waarheid is dat tensy iets gedoen word om Russiese aggressie stop te sit, is ons in die voorste linie,” het kol. Drew, premier van Ontario gesê. Die aartsbiskop van Westminster het die wêreldtoestand beskryf as „gevaarliker as voor München.”

Die voedselposisie in die Unie is so benard dat genl. Smuts verlede week 'n persoonlike telegram aan pres. Truman gestuur het om krag te verleen aan die Unie se versoek om 232,000 ton koring.

Kommunistiese Partye Toenemende Gevaar Sê Churchill

„Dit is sekerlik nie die bevryste Europa wat ons geveg het om op te bou nie,” het Winston Churchill in 'n toespraak aan die Westminster-kollege, Missouri verklaar, berig Sapa uit Amerika.

„Die Kommunistiese partye of vyfde kolonne maak 'n toenemende uitdaging en gevaar vir die Christelike beskawing uit,” het hy gesê.

Churchill het daaraan toegevoeg dat die Russe nie oorlog begeer nie, maar dat hulle daarop uit is om soveel oorlogsbuit as moontlik in te sa-

mel en hul leerstellings uit te brei.

„'n Skadu het geval oor die tonele wat onlangs deur die Geallieerde oorwinnings verlig is. Niemand weet wat Rusland en sy kommunistiese organisasies in die nabye toekoms van plan is om te doen nie.”

Die oorlog kan alleen voorkom word as die Engelssprekende volke 'n blok vorm en broederlik saamwerk, het hy gesê. „Ek verafsku die gedagte dat 'n nuwe oorlog onvermydelik is, laat staan nog die gedagte dat dit voor die deur staan.”

UNIEWINKELS BEPERK

Geregistreer ingevolge Wet No. 46 van 1926, soos gewysig)

Prospektus Nou Beskikbaar

UNIEWINKELS

IS 'N GEVESTIGDE BESIGHEID WAT

- (1) FINANSIEEL KERNGESOND IS;
- (2) BUITENGEWONE GROEIKRAG BESIT;
- (3) OOR 'N GROOT EN GOED VOORBEREIDE ONTWIKKELINGSVELD BESKIK; EN
- (4) ORGANISATORIES EN ADMINISTRATIEF TOEGERUS IS OM SY ONTWIKKELINGS-MOONTLIKHEDE TEN VOLLE TE ONTGIN.

UNIEWINKELS BEPERK IS GESTIG OM DIE HELE BESTAANDE BESIGHEID VAN UNIEWINKELS (KOÖP.) BPK. OOR TE NEEM EN VERDER UIT TE BOU.

LAASGENOEMDE BESIGHEID HET ONLANGS VIR DIE DERDE AGTEREENVOLGENDE JAAR 'N DIVIDEND VAN 7½ PERSENT OP GESTORTE KAPITAAL UITBETAAL.

Geregistreeerde Aandelekapitaal £350,000

WAT BESTAAN UIT

230,000 Gewone Aandele van £1 Elk
120,000 Kumulatiewe Aflosbare Voorkeur-Aandele van £1 Elk, teen 5 Persent

GEWONE AANDELE — 230,000

Aantal opgeneem deur die ondertekenaars van die Akte van Oprigting	801
Aantal opgeneem deur lede van Uniewinkels (Koöp.) Bpk. wat versoek het dat hul aandele in die Koöperasie omgesit moet word in aandele van die Maatskappy	70,907
Aantal verdere gewone aandele wat nou in die Prospektus teen pari (20/- pr aandeel) aan lede van Uniewinkels (Koöp.) Beperk aangebied word	98,292
Aantal gewone aandele wat nou in die Prospektus aan nie-lede van Uniewinkels (Koöp.) Beperk teen 'n premie van 2/6 (d.w.s. teen 22/6 per aandeel) aangebied word	60,000
TOTAAAL	230,000

KUMULATIEWE AFLOSBAARE VOORKEUR-AANDELE TEEN 5 PERSENT — 120,000

Aantal wat nou in die Prospektus aan die publiek (sowel lede as nie-lede van Uniewinkels (Koöp.) Beperk teen pari (20/- per aandeel) aangebied word	60,000
Aantal wat in reserwe gehou word	60,000
TOTAAL	120,000

DIREKSIE:

- Mnr. D. C. MALAN (Voorsitter),
Boer en Direkteur van Maatskappye.
- Dr. A. J. STALS (Ondervoorsitter),
L.V. en Direkteur van Maatskappye.
- Dr. N. DIEDERICH,
Hoofleier van die RDB. en Direkteur van Maatskappye.
- Mnr. J. DU PISANIE,
Algemene Agent en Direkteur van Maatskappye.
- Mnr. E. J. GROBBELAAR,
Rustende Sakeman.
- Mnr. M. HUTTEN,
Sakeman.
- Mnr. I. M. LOMBARD,
Hoofsekretaris van die F.A.K. en Direkteur van Maatskappye.

HOOFBESTUURDER:

Mnr. W. A. PAUW.

SEKRETARIS:

Mnr. L. S. LOMBARD.

GEREGISTREEDE KANTOOR:

Kerkstraat 275 (Posbus 909), PRETORIA.

SENTRALE INKOOPS- EN VOORRAAD-DISTRIBUSIE-KANTOOR:

Hendon-gebou, Pritchardstraat, JOHANNESBURG.

KOPERS:

- Mnr. PAUL JOUBERT (Mans).
Mnr. G. H. RAUTENBACH (Dames).

BANKIERS:

VOLKSKAS BEPERK,
Sentraalstraat, PRETORIA.

ODITEURE:

ALTMANN EN BRUGMAN,
Volksbankgebou, Kerkplein, PRETORIA.

PROKUREURS:

TIM DU TOIT en RORICH,
R.S.E.-gebou, Burolaan, PRETORIA.

TAKBESIGHEDE:

PRETORIA
KERKSTRAAT 275 en 280

DAMES-, MANS-, KINDER-
EN HUISHOUDELIKE UIT-
RUSTING; KRUIDENIERS-,
YSTER- EN BREEKWARE

Bestuurder:
Mnr. G. PRINSLOO

KAAPSTAD
ADDERLEYSTRAAT 37

MANS- EN SEUNS-
UITRUSTING

Bestuurder:
Mnr. BERTIE DE VILLIERS

JOHANNESBURG
KERKSTRAAT 45

MANS- EN SEUNS-
UITRUSTING

Bestuurder:
Mnr. PAUL MINNAAR

BENONI
PRINSLAAN 79B

DAMES-, MANS-, KINDER-
EN HUISHOUDELIKE
UITRUSTING

Bestuurder:
Mnr. J. P. DE KLERK

VEREENIGING
VOORTREKKERSTRAAT 30

DAMES-, MANS-, KINDER-
EN HUISHOUDELIKE
UITRUSTING

Bestuurder:
Mnr. G. J. STRYDOM

- HIERDIE IS NIE 'N PROSPEKTUS OF 'N UITNODIGING AAN DIE PUBLIEK OM VIR DIE AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY IN TE SKRYF NIE.
- AANSOEKE OM AANDELE KAN SLEGS OP DIE GRONDSLAG VAN DIE VOLLEDIGE PROSPEKTUS ONTVANG EN BEHANDEL WORD.
- PROSPEKTUSSE EN AANSOEKVORMS IS VERKRYGBAAR van die HOOFKANTOOR OF ENIGE TAK van die MAATSKAPPY.



DIE SEKRETARIS/BESTUURDER,
UNIEWINKELS BEPERK,

Waarde Heer, — Stuur my asb. per kerende pos en sonder enige verpligting hoegenaamd aan my kant, 'n afskrif van die Prospektus van Uniewinkels Bpk.

NAAM
(Blokletters)

ADRES

VRYHEIDSVUUR BRAND IN LAEVELD

Berigte van Vierings

Die O.B.-saal op Mooiuitsig, die skilderagtige plaas van veldkornet (oom) Louis de Villiers naby Nelspruit, was andermaal die plek waar die kommando's van Barberton, Nelspruit en Sabie op Saterdag, 23 Feb. byeengekom het om Vryheidsdag te vier. Die opkoms het die stoutste verwagtings oortref en die byeenkoms kan beslis as die grootste beskou word wat in die afgelope jare hier gehou is. Ongeveer 500 mense was teenwoordig. Dit is merkwaardig as daarmee rekening gehou word dat hierdie omgewing een van die „rooi“ kolle in ons land is. Die mooi bedrag van £141 is ingesamel en sou aansienlik hoër gewees het as daar vir die buitengewone groot opkoms genoeg te koop aangebied kon geword het. Die Boerejeug het 'n ruime aandeel geneem. Die Dogters het o.a. die babas opgepas van moeders wat by die tafels moes werk.

Genl. Hendrik Neethling van Lydenburg het die fees bygevoon en die vergadering kortliks toegesprek.

In die afwesigheid van hoofkomdt. Pieter Kritzing van Barberton (wat pas die hospitaal verlaat het nadat hy en sy voorman deur natuurle ernstig aangerand is) het komdt. Barry de Villiers van Barberton die verrigtinge gelei. Die godsdienssoefening is waargeneem deur komdt. Seef Combrink van Schagen (Nelspruit) terwyl die O.B.-wag onder aanvoering van wagmajoor De Wet Wiid van Kaapmuiden (Barberton) gestaan het.

Genl. M. M. Smith van die hoofkantoor in Pretoria het 'n besielende toespraak gehou waarin hy die O.B. se toekomstige beleid kortliks geskets het.

'n Doodse stilte het geheers toe die fakkels die groot Vryheidsvuur aangesteek het.

Onderwyl die vlamme al hoër opgeskiet het, het die skare in beweging gekom. Elkeen het met sy stukkie hout die vryheids-ideaal nog vuriger laat gloei en sy vlamme nog hoër laat styg.

Die kole van daardie simboolse vuur het laat die nag uitgedoof en die as het in die nagdiepte onsigbaar geword. Maar die vuur wat daardeur in elke aanwesige hart aangesteek is, brand onuitblusbaar voort. Die hitteglans daarvan word deur die hele omgewing voortgedra — die Vryheidsvuur brand in die Laeveld.

Robertson

Ten spyte daarvan dat dit parstyd is en die Boere se persoonlike aandag op hul plase vereis word, is die Vryheidsdagviering op Robertson goed bygewoon deur lede en belangstellendes.

Hoofkomdt. W. R. Laubscher wat as spreker opgetree het, het kortliks die beleid van die Ossewabrandwag uiteengesit en o.a. daarop gewys dat daar sedert Unie, onder hierdie vreemde Britse Parlementêre stelsel nog net probleme geskep is terwyl nog geen een van hierdie probleme opgelos is nie. Die armblankes het b.v. aangegroei van 200,000 tot 600,000.

Spr. het voorts ook verduidelik dat die O.B. 'n tuisle bied aan Afrikaans- sowel as Engelssprekendes mits diene wat tot die Beweging toetree Afrikaners is, d.w.s. diene wat republikeins is en wat Suid-Afrika in alle opsigte as hul enigste tuisle beskou en wat Suid-Afrika se belange onder alle omstandighede eerste stel.

Die Beroepsvertegenwoordiging waarvoor die O.B. veg, en wat sal verhoed dat b.v. 'n advokaat Minister van Landbou word, maar wat sal sorg dat die verskeie beroepe deur 'n persoon uit hul eie geledere sal behartig word, is helder en omvattend deur spr. verduidelik.

Na afloop van die toespraak is geleentheid gegee vir vrae oor beleidskwessies, en nadat hoofkomdt. Laubscher twee vrae van mnr. A. L. de Jong, wat gegaan het oor die nywerheids- en verkiesingsbeleid van die O.B., tot sy bevrediging beantwoord het, het mnr. De Jong verklaar dat die beleid van die O.B. die enigste is wat hy kan navolg en versoek dat hy toegelaat word om by die O.B. aan te sluit, aangesien hy nog nie lid van die Beweging is nie.

By wyse van verkopings en donasies is 'n bedrag van £20 ingesamel.

Worcester

Op 27 Februarie het die Worcester- en Goudini-kommando's gesamentlik Vryheidsdag gevier. By die geleentheid het hfkmdt. W. R. Laubscher en hfkmdt. S. P. Botha opgetree. Die vergadering wat deur sowat 300 mense bygevoon is, is gelei deur hfkmdt. Hennie de Wet. By hierdie geleentheid is mnr. L. van Niekerk formeel ingestel as kommandant van die Worcester-kommando.

Na die plegtigheid is daar 'n vrugtefees gehou.

Tzitzikamma

Op 27 Februarie het die kommando van Tzitzikamma Vryheidsdag herdenk.

Die verrigtinge is geopen met 'n gebed deur komdt. O. J. Terblanche.

Na 'n kort welkomswoord deur die kommandant is geurige koffie en allerhande lekkernye bedien.

Komdt. Terblanche het verslag gelewer van die Laertrek te Bloemfontein.

Hfkmdt. Rossouw en veldkt. Pieter Rademeyer van die Karreedouw-kommando was ook teenwoordig.

Veldkornette Susie Rademeyer van die Boerejeug het verslag gegee van die Boerejeuglaertrek te Boesmansrivier en gewys op die dissipline in die kamp.

Die aand om 9-uur is die Vryheidsvuur aangesteek en die laaste deel van ons program afgehandel.

'n Bedrag van £21-10-6 is ingesamel, waarvan £3-13-0 deur die Boerejeug onder die bekwaam leiding van Jeugveldkornette Susie Rademeyer ingesamel is.

Britse Skepe Brand Uit

As gevolg van 'n sabotasie-strooptog in Brittanje, wat blykbaar daarop gemik is om Britse skepe te vernietig en die vervoer in die dokke te verlam, het in die afgelope week brande op 15 Engelse skepe uitgebreek. Daar is vasgestel dat die sabotasie sy oorsprong het in 'n wydvertakte organisasie dwarsoor Engeland. Die organisasie dek al die belangrikste Britse hawens in Engeland en Brits-beheerde hawens in Duitsland.

Vermoed word dat die sabotasie gepleeg word deur Duitsers wat die Duitse skepe wat in Engelse hande geval het, wil vernietig.

Die vliegtuigdraer Victorious en die Queen Elizabeth van 85,000 ton het ook aan brand geraak, maar dit is geblus.

Merweville

Nieteenstaande die wurgende droogte het Merweville weer vanjaar Amajubadag op 27 Feb. op plegtige wyse gevier.

Hoofkomdt. J. Ras het verslag gegee van die Uniale Laertrek te Bloemfontein.

Die mooi bedrag van £21 is ingesamel.

Bothaville-Distrik

Die Kommando's van Bothaville-distrik het vanjaar Amajubadag op die plaas Excelsior van komdt. en mev. J. van Rensburg herdenk.

Hoofkomdt. H. Claassens het gedurende die middag verslag gedoen van die Laertrekking op Bloemfontein.

Daar is verder die middag verversinge verkoop.

Gedurende die aand het die aanwesiges Vryheidsdag herdenk soos in die program uiteengesit.

Joubertina

Die verrigtinge het om 8.30 n.m. begin op die plaas Louwater, en is geopen met Skriflesing en gebed. Vroeër in die aand is vleis gebraai en koffie bedien.

Om presies 9 n.m. is die vryheidsvlam aangesteek.

Die verrigtinge is met 'n gebed afgesluit.

Ver. Party Wen In Caledon Baie Stem Nie

Die tussenverkiesing in Caledon op 6 Maart is deur die Verenigde Party gewen met 'n meerderheid van 446 stemme. Die uitslag was as volg:

G. S. P. Delport (V.P.)	4,326
L. H. Fick (H.N.P.)	3,880

V.P.-meerderheid	446
------------------	-----

Daar was 37 bedorwe briefies, waarvan 26 nog heeltemal blank was, en dus daarop dui dat die kiesers weens intimidasie na die stembus gegaan het, dog geen kans gesien het om vir een van die twee kandidate te stem nie.

Net 87.1 persent van die kiesers het gestem, in vergelyking met 88 persent wat in die algemene verkiesing van 1943 gestem het. In 1943 was die uitslag as volg:


H. C. de Wet (V.P.)	4,401
J. H. O. du Plessis	
(H.N.P.)	3,289

V.P.-meerderheid	1,112
------------------	-------

Daar was hierdie keer 9,448 kiesers op die lys teenoor 8,590 in 1943 — 'n toename dus van 858. Die aantal stemme uitgebring is egter net 516 meer as in die algemene verkiesing.

Inderdaad het daar 1,242 kiesers hierdie keer buite stemming gebly, terwyl met die algemene verkiesing slegs 900 kiesers nie hul stem uitgebring het nie.

Ongeveer 800 kiesers was soldate binne die Unie, terwyl 30 nog buite die Unie was en dus nie kon stem nie.



WAARDE VIR GELD

MALAN-KOPPIGHEID BESORG OORWINNING AAN SMUTS

Die reaksie in Caledon na die nederlaag wat die H.N.P. daar gely het, is dat die nasionaalgesindes in daardie klesafdeling die wrange vrugte gepluk het van dr. Malan se beleid om te volhard in sy houding om partypolitieke verkiesings te veg en die aangebode hulp van mede-Afrikaners soos O.B.-lede teen die Smutsregering te weier.

In 'n vorige uitgawe van Die O.B. is verklaar dat die H.N.P.-beleid bots met die verkiesingspraktyk. Die uitslag bevestig hierdie waarheid.

Die beleid wat die H.N.P.-leiding in Caledon konsekwent gehandhaaf het, was om O.B.-lede te ignoreer en te konsentreer op Engelse stemme. Van O.B.-kant is daarop gewys dat dit ongesond is om mense wat deur en deur nasionaal is, te laat links lê en die toevallige griewe van imperialistiesgesindes te troetel. Die gevolg was dan ook dat die H.N.P.-kandidaat nie alleen die stemme van 'n groot aantal O.B.-lede verbeur het nie, maar dat hy die daadwerklike hulp en morele ondersteuning van alle O.B.-lede ontbeur het.

Die vanselfsprekende gevolg van hierdie beleid was dan ook 'n nederlaag vir die H.N.P.-kandidaat.

DIE WARE GEVOEL

Allerweë word gevoel dat die uitslag van die verkiesing nie die ware gevoel van die kiesers van Caledon vertolk nie. Caledon is beslis ontevrede met die Smutsregering, maar Caledon is beslis ewe ontevrede oor die verbodkeelingsbeleid van die H.N.P.-leiding. Daar is net een manier om die anti-Smutsgevoel in Caledon te registreer, en dit is om 'n beroep te doen nie op party-lojaliteite nie, maar op die gevoel van volkstrou deur ondersteuning te vra nie vir 'n partykandidaat nie, maar vir 'n volkscandidaat. Dit ly geen twyfel nie dat as mnr. L. H. Fick, 'n bekende plaaslike boereleier, 'n beroep op sy volks-genote gedoen het in plaas van sy partygenote, hy die paal sou gehaal het.

Die hoop word in die kiesafdeling uitgespreek dat die uitslag van hierdie tussenverkiesing 'n les sal wees vir die algemene verkiesing in 1948, nl. dat volkscandidate eerder as partykandidate opgestel moet word.

Onderdruktes Word Gelowig

In 'n vorige uitgawe van Die O.B. het 'n berig verskyn oor die verslag van 'n Katolieke geestelike in The Southern Cross, wat die mening uitspreek dat twee-derdes van die Russiese volk „nie in God glo nie“. Dit moet lees „nou in God glo“.

Hy verklaar dat die oorlog Rusland se amptelike beleid om die godsdienste uit te delg, heeltemal in die war gestuur het. Ondanks die „vasberade poging“ van die staat om die hele godsdienstige gevoel van die volk uit te roei, het die oorlogs-ervarings 'n merkwaardige terugkeer tot die godsdienste bewerkstellig. Die meerderheid van die Russe het weer gelowig geword, wat ook tot 'n deel toegeskryf moet word aan die invloed wat ouers in die geheim op hul kinders uitgeoefen het.

Die posisie is vandag so dat die strafbepalings wat voorheen toegepas is vir geloof in God, nou grotendeels kragteloos is.

AANDEELHOERS,
ADVERTEER U FIRMAS

'n Egte Suid-Afrikaanse Produk

Kry dit by u Handelaar of Apteker

Handelsnavres: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK. Kaapstad

DIE O.B., WOENSDAG, 13 MAART 1946.

Hoeveel Caledons Nog?

As die uitslag van die tussenverkiesing in Caledon nog nie genoegsaam bewys dat die partypolitiek geen oorwinning vir die Afrikanervolk waarborg nie, sal woorde dit nog minder kan doen.

In ooreenstemming met sy beleid van party-isolasie en negering van nasionaalgesindes wat nie binne sy party wil inkruip nie, het dr. Malan en sy garde beroepspolitici die stryd in Caledon op eie kragte aangedurf. In gunstiger omstandighede kan hy nie hoop om 'n verkiesing te veg nie. Die Smutsbewind het uitgeskud gestaan voor die volk met niks om sy wankelende lendes op te beur nie as 'n oorlog wat hy tevergeefs geveg het en waarin hy 'n Josef Stalin in die plek van 'n Adolf Hitler help stel het. Selfs sy eie soldate het teen hom gedraai.

Almal is ontevrede met die regering. Die grootste aantal ontevredenes was egter nie binne die gelede van die H.N.P. nie. Dit is mense wat aan geen party behoort nie of wat deur die H.N.P.-leiding op 15 Junie verlede jaar uitgeskop is.

BUITE STEMMING

Hierdie mense sou met geesdrif gestem en gewerk het indien daar 'n volksfront gevorm was wat 'n volksaanslag op die Smuts-party kon maak in plaas van 'n skamele party-aanval. Maar omdat dr. Malan die volksopposisie in verdeeldheid hou deur sy koppige eis dat almal eers voor die H.N.P.-priester moet kom bieg dat hulle verkeer was — terwyl hulle nog steeds glo hulle is reg — neem honderde goeie Afrikaners 'n afsydige houding in ten opsigte van 'n blote partykragmeting. Dit geld daardie groot groep Afrikaners wat aan geen organisasie behoort nie as gevolg van die getwis in die anti-Smutsgelede, sowel as die O.B.-lede en teruggekeerde soldate, soos ook blyk uit 'n berig elders in hierdie uitgawe. Die soldaat kan vandag nie begryp waarom daar nie samewerking tussen die opposisie-groepe is nie, en omdat hulle geen heil in die verbokkeling sien nie, bly hulle eenvoudig buite stemming.

Dit verklaar dan ook waarom daar in hierdie tussenverkiesing 1,242 kiesers buite stemming gebly het teenoor slegs 900 in die algemene verkiesing — ondanks die feit dat 'n tussenverkiesing weens die groot konsentrasie van kragte altyd 'n baie hoër persentasie stemme trek as 'n algemene verkiesing. Die Burger het dan ook gekonstateer dat „die tussenverkiesing in Caledon was die alledrukste in die afgelope jare, so nie heeltemal die drukste nie”. Die Suiderstem het dit beaam.

Maar ondanks hierdie drukte het 1,242 kiesers buite stemming gebly, wat 'n groter persentasie is as wat in 1943 nie gestem het nie.

DIE REGTE WAPEN

As daar nog mense so blind was om te glo dat 'n geïsoleerde party — en boweal nog 'n party wat die vurigste nasionaliste uitskop en verdryf net omdat hulle nie wil ophou om ook lid van 'n ander nasionale organisasie te wees nie — die beste wapen is om die Smutsbewind omver te gooi, behoort die uitslag in Caledon hul oë nou oop te maak.

Daar bestaan geen twyfel nie dat 'n volksfront waarin alle opposisie-groepe en nie-partylede kon saamwerk vir gemeenskaplike volkskandidate, genoeg stemme kan trek om die Smutsbewind omver te werp. Die morele uitwerking van so 'n vereniging van kragte alleen is al voldoende om die deurslag te gee.

Caledon het bewys dat die beste wapen vir die Afrikanerstryd nie 'n politieke party op Britse model is nie, maar 'n volksfront soos Bloemfontein se Afrikaners bewys het in hul stryd om 'n Afrikaanse stadsraad waaraan alle Afrikaners deelneem en nie net party-uitverkorenes nie, en daarom ook jaar na jaar die oorwinning behaal.

Hoeveel Caledons moet daar nog plaasvind voordat dr. Malan die O.B. se aanbod tot samewerking aanvaar?

Net 'n Klip

Na berig word sal daar op 'n Italiaanse slagveld 'n reuse-Christus-beeld aangebring word as gedenkteken ter gedagtenis aan die Geallieerde soldate wat daar gesneuwel het. Die beeld sal glo 500 voet hoog wees. Die monument moet natuurlik die hoë motiewe waarmee die oorlog gevoer sou wees, simboliseer.

Die oorlog is gevoer om behoud van die menslike vryheid, so is gesê. In die praktyk het dit die vryheid aan Russiese soldate verskaf om, volgens 'n Belgiese koerant, 75 persent van die Duitse vroue in Oos-Duitsland te ontvoer. Dit is ook gevoer om die mens „vry te maak van gebrek”. In die praktyk het dit meegebring dat die hele Europa in die kloue van 'n ongekende hongersnood is en dat geen kind in Duitsland onder twee jaar die Europese winter sal oorlewe nie omdat daar 'n doelbewuste beleid gevolg en aangekondig is om die Duitsers slegs soveel voedsel te gee as wat vir die Geallieerde veiligheid noodsaaklik is.

Daar is ook geveg om die wêreld „vry te maak van aggressie en onderdrukking”. Die uitslag was dat die hele Sentraal-Europa onder 'n kommunistiese diktatuur staan en dat die Britse minister van buitelandse sake 'n week of wat gelede dit nodig geag het om die „wens” uit te spreek dat Turkye sy selfstandigheid sal behou! En die oud-premier van Engeland, Winston Churchill, moes verlede week 'n beroep op 'n Brits-Amerikaanse bondgenootskap doen om die Christendom teen kommunistiese aggressie te beskerm!

Die praktyk weerkaats dus niks van die vrome Christen-motiewe waarvoor die Geallieerde soldate gesneuwel het nie, want die liefde wat Christus gepreek het, ontbreek geheel en al. Nou sal daar maar 'n Christus van koue klip omhoog gewentel word om die versteende ideale te simboliseer van manne wat 'n vrugtelose dood gesterf het — en om die kroon te span op al die godslasterlikhede wat die oorlogspropaganda te voorskyn geroep het.

Spyt Kom te Laat!

Deur Prof. Dr. J. A. WIID.

Gedurende die afgelope week is die gapende kloof tussen die bondgenote van gister met versnelde tempo dieper en breër gegraaf. Berigte uit alle wêrelddele is voorwaar baie somber. Hiervolgens het Moskou besluit om sy troepe in Noord-Iran aan te hou ook ná die datum waartoe tussen die Drie Grotes ooreengekom is; in Oos-Duitsland is Moskou besig om 'n Kommunistiese diktatuur te vestig; teenoor Triëst word Suid-Slawiese troepe wat deur Moskou beheer word, saamgetrek; op Turkye oefen Moskou groot druk uit waarby o.m. die Dardanelle genoem word; uit die Verre Ooste word Amerikaans-Russiese militêre insidente sowel as die beskuldiging van Russiese plundering in Mantsjoerye openbaar gemaak; oor Russiese spioenasie in Angel-Saksiese lande word allerlei sensasionale berigte die wêreld ingestuur. Hierdie sombere beeld van wantroue en agterdog tussen die „wapenbroeders” van gister word aakligter gemaak deur heftige Moskou aanvalle op Brittanje, 'n nuwe Amerikaanse beleid „plus 'n bietjie ekstra krag en openhartigheid” teenoor Moskou en eindelijk 'n paar opsienbare toesparke van Churchill in die V.S.A.

Daar is nog mense wat in die gewese Britse premier 'n soort van „alwyse staatsman” sien wat sy land deur die grootste krisis in sy geskiedenis geloods het. Vir andere is Churchill nog die opportunis van veertig jaar gelede toe hy om partypolitieke redes die Chinese arbeid op die Witwatersrand uitgebuit het en meteens minder kapitalisties en meer humanitêr as die geesverwante Konserwatiewe vriende geposeer het. Hulle is gereed om Churchill se oorlogsverdienslikheid te erken, maar hulle kwalifiseer dit met die bewering dat die Britse premier in die donker jaar 1940 reeds in die geheim verseker was dat die V.S.A. en waarskynlik ook Rusland sy bondgenote in die volgende jaar sou wees.

CHURCHILL EN DIE RUSLAND VAN DIE OORLOGSJARE

Teenoor die Rusland van die oorlogsjare het premier Churchill 'n gans ander taal gepraat as teenoor die Rusland van vóór en ná die laaste Wêreldoorlog. Dit sal nog onthou word hoe hy meermale besoek aan Moskou afgelê het, hoe hy saam met Stalin dikwels glasië geklink het en altyd van dankbaarheid, vleitaal en hofflikheidsbetuigings teenoor die Russiese bondgenoot oorgeloop het. Nog verlede jaar het hy na afloop van die Krim-konferensie hom in die Britse Laerhuis as volg oor die Russe uitgelaat: „Die indruk wat ek van die Krim en van al my ander kontakte teruggebring het, is dat maar skalk Stalin en die Sowjetleiers in eerbare vriendskap en gelykheid met die Westerse demokrasie wil lewe. Ek voel ook dat hulle manne van hul woord is. Ek weet van geen regering wat sy verpligtinge, selfs tot sy eie skade, meer solied nakom as die Sowjet-regering nie. Ek weier volstrek om 'n bespreking van die Russiese goeie trou te begin. Dit is heeltemal duidelik dat hierdie sake die hele toekoms van die wêreld raak.” Aldus premier Churchill oor sy Russiese bondgenoot toe die Duits-Japanse vyande nog nie finaal verslaan was nie en tenspyte van alles wat hy voor die oorlog oor die Bolsjewistiese Rusland geskryf en gesê het.

RUSLAND VAN VANDAG

Hoewel Churchill vandag in die politieke woestyn verkeer, dra hy as leier van Sy Majesteitse Opposisie en veral as gewese premier tog 'n sekere mate van gewig in die huidige internasionale politiek. Die geweldige publisiteit wat sy jongste toespraak in die Angel-Saksiese propaganda geniet, is dan ook opvallend.

Teenoor Moskou praat die gewese Britse premier vandag 'n gans ander taal as gedurende die oorlog. Met verwysing na

die Russiese druk op Turkye en die kommunisering van die Russiese besettingsgebied in Duitsland het hy gesê: „Tot watter gevolgtrekking 'n mens ook kan geraak op grond van hierdie feite — en dit is feite — is dit sekerlik nie die bevryde Europa wat ons geveg het om op te bou nie. Behalwe in die Britse Statebond en die Verenigde State, waar die kommunisme nog in sy kinderskoene is, maak Kommunistiese Partye of vyfde kolonne 'n toenemende uitdaging en gevaar vir die Christelike beskawing uit.” Op 'n ander plek sê hy: „Ek glo nie dat Rusland oorlog begeer nie. Wat hy begeer, is oorlogsbuit en onbepaalde uitbreiding van sy mag en leerstellings.”

Volgens hierdie paar grepies uit die jongste redevoering van Churchill is dit duidelik dat hy nie alleen baie ernstige beskul-

digings teen Sowjet-Rusland maak nie, maar dat hy in die toenemende Bolsjewisering van Europa 'n „uitdaging en gevaar vir die Christelike beskawing” sien. Dat hierdie gevaar aaklig aktueel is, sal niemand wat nie 'n kommunis is, ontken nie. 'n Britse Konserwatiewe tydskrif soos die *Review of World Affairs* van 31 Januarie l.l. loop dan ook oor daarvan. Nog Churchill, nog hierdie tydskrif egter is oorspronklik in hul „vrees vir die Christelike beskawing” nie. Reeds lank gelede het veral twee manne onophoudelik teen die Bolsjewistiese gevaar gewaarsku. Veel het hierdie twee manne ook opgeoffer om hierdie gevaar te keer. Gehelp deur Churchill en Roosevelt het die Bolsjewistiese Rusland daarin geslaag om nie alleen hierdie twee strydere en bolwerke teen die Kommunisme nie maar ook hul lande en nog veel meer te vernietig. Die name van hierdie twee manne is Adolf Hitler en Benito Mussolini.

As Churchill vandag soos 'n Pilatus van ouds sy hande in onskuld wil was, dan openbaar hy 'n geweldige minagting vir die menslike geheue en vir nutter-denkende mense. As Churchill vandag die Poolse regering daarvan beskuldig dat hy „geweldige en onregverdige inbreuk op Duitsland” pleeg, dan weet elke mens wat nog nie sy geheue verloor het nie, dat dit juis die destydse Britse premier was wat groot Duitse gebiede aan Pole „toegestaan” het as vergoeding vir Oos-Pole wat deur die Russe ingepalm is. As Churchill verder vaag-weg beweert dat hy dit alles sien kom en hardop geroep, maar niemand daarvan notisie geneem (Vervolg op bls. 5, kol. 3)

VERGADERINGS

Ons Kommandant-Generaal

DR. J. F. J. VAN RENSBURG

Spreek Openbare Vergaderings toe

op die volgende plekke:

CALEDON

16 Maart, om 8 n.m., Blommeskuur

(Blaasorkes tree op)

STELLENBOSCH

23 Maart, om 8 n.m., Stadsaal

(Blaasorkes tree op)

Dit word verwag dat Offisiere en Brandwagte genoemde vergadering sal bywoon.

VRIENDE EN BELANGSTELLENDEN HARTLIK WELKOM.

Amptelike

O.B.-Kennisgewing

In opdrag van die Gebiedsleier na samespreking met Hoofgeneraal H. L. Neethling en Generaal J. P. S. Rossouw, kry alle offisiere tot by korporale(s) van Hoofkommandantskap F2a hiermee opdrag om op Saterdag, 23 Maart, om 3.30 n.m. te NYLSTROOM te rapporteer, asook sodanige brandwagte wat op een of ander manier gewillig is om te help met die organisasie. U sal daar hoor waar presies die vergadering is.

U teenwoordigheid is dringend noodsaaklik, aangesien belangrike sake bespreek sal word.

Daar gaan ook direkte opdrag uit van Generaal Rossouw self aan alle offisiere.

Elke offisier en onderoffisier wat hierdie kennisgewing kry, word versoek om dit verder bekend te stel binne in die Gebied van F2a, ou Hoofkommandantskap F2a (Hoofkommandant H. W. S. Loubser).

Uit Die Week se Nuus

TE MIN KORING. — Die Amerikaanse minister van landbou, Clinton Anderson, het verklaar dat die V.S.A. gedurende 1946 op sy meeste nie meer as 12,000,000 ton koring kan uitvoer nie. Dit is 8,000,000 ton koring minder as wat nodig is om die honger massas in Europa en ander lande te voed. Dit het tans onmoontlik geword om die hongersnood te keer, het hy verklaar.

'n Beampte van die Voedselraad in Amerika het die mening uitgespreek dat weens die geweldige tekort aan voedsel en skaarste aan koring, Suid-Afrika moontlik nie sy gevraagde voorraad sal kan kry nie.

RAMPOKKERS IN KAAPSTAD. — In die afgelope week was Kaapstad die mikpunt van 'n gewapende bende naturelle wat opgetree het soortgelyk aan die gevalle wat in die afgelope tyd aan die Rand voorgekom het. Die rampokkers het geprobeer om die poskantoor by

Crawford en 'n aantal winkels te beroof. Toe twee naturellekonstabels op hulle afkom, het die inbrekers op hulle geskiet. Hulle het ook die nagwag onder die lood gesteek. Toe 'n herstelmotor van die munisipaliteit op hulle afkom, het die rowers blykbaar gedink dat dit die polisie is, en het die hasepad gekies.

SEWE BENDES GEVANG. — Sewe bendes, bestaande uit vyf blankes, drie Indiërs, der tien naturelle en een kleurling, is deur die polisie van Johannesburg opgespoor en gearresteer. Hierdie bendes het die Randse stede gedurende die afgelope weke op horings gehad met hul inbrake en roof. Die blankes sou die gesteelde goed in ontvangs geneem het.

BENDE OOR SPAANSE GRENS. — 'n Groep gewapende manne wat beskryf word as Kommuniste, het die Spaanse grens oorgesteek vanuit Frankryk. Die manne was voorsien van masjiengewere, pistole, bomme, radiostelle en genoeg vitamienepille vir sewe dae.

BRIT VERKLAP GEHEIM. — Die Britse geleerde, dr. May, wat gedurende die oorlog besig was met navorsingswerk oor die atoombom, is gearresteer en voor die hof gedaag omdat, na beweer word, hy die geheime aan vyandsonderdane verklap het. Hy was gedurende die oorlog werksaam in Kanada. Geen getuienis is afgeneem nie en die saak is uitgestel.

DOGTER 200 UUR BEWUSTELOOS. Marion Butler, die 13-jarige dogter wat op Sondag, 24 Februarie, in 'n ernstige toestand in 'n motor in Kampsbaai aangetref is na 'n moord-aanslag waarin 'n vrou gedood is, het haar bewussyn herwin nadat sy meer as 200 uur bewusteloos was. Die lyk van maj. Butler, wat verdink word van die moord, is intussen gevind waar hy van 'n krans af gespring het. Hy was in die oorlog opgelei om wagte van die vyand te vermoor.

SMUTS NA LONDEN: Daar word verwag dat veldm. Smuts teen die einde van April in Londen sal aankom vir samespre-

kings met die eerste ministers van die dominiums. Die datum van die vertrek uit Pretoria is nog nie bepaal nie aangesien dit nou saamhang met die vredeskonferensie in Parys wat op 1 Mei begin.

V.S.A. BESORG OOR HONGERSNOOD: Vir die eerste keer het die Amerikaanse departement van buitelandse sake erken dat hy groot politieke belang heg aan die voorsiening van koring in die hongerlydende Europa. Die erkenning is gedoen deur die Amerikaanse minister van landbou. „Kos en politiek is nou aan mekaar verbonde", het hy gesê.

ORLANDO-UITBARSTINGS: As gevolg van naturelle-onluste in die Orlando-lokasie in Johannesburg verlede week, is een naturellekonstabel gedood en tien ander beseer. Sestig naturellekonstabels moes skuiling soek teen die aanvalle van duisende naturelle. Meer as 200 konstabels moes hulle te hulp snel. Die oproer was as gevolg van die verbod dat die naturelle nie skerm in hierdie omgewing mag oprig nie.

LENING AAN ENGELAND: Kanada het 'n lening van £281 miljoen aan Engeland toegesê om die Britse regering in staat te stel om homself te herstel van die verliese wat hy weens die oorlog gely het. Dit is terugbetaalbaar oor 'n tydperk van 50 jaar.

SPYT KOM TE LAAT
(Vervolg van bls. 4, kol. 5)

het nie en dat „daardie oorlog voorkom kon gewees het sonder om enkele skoot te skiet, en Duitsland kon vandag sterk, voorspoedig en geëer gewees het, maar niemand wou luister nie en een vir een is ons almal in die verskriklikste draaikolk ingesui", dan wonder 'n mens of hy ooit van Britse waarborge aan Pole, van Hitler se vredesaanbiedinge in 1939 en 1940 en van Rudolf Hess se sending na Engeland gehoor het.

Spyt en jammer is goeie dinge maar ongelukkig kom hulle dikwels te laat. Dit was glo ook die ondervinding van Pilatus. Maar Churchill sien nog in 'n hegte Amerikaans-Britse bondgenootskap hoop vir die toekoms. 'n Volgende keer meer oor so 'n ongelyke bondgenootskap en sy implikasies.

Brandwagte let op wie u Vriende is,
—hulle adverteer in u blad!

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

SKOENE VIR BRANDWAGTE!

VROUENS

Bruin veter, Chroom-sole 23/6
Bruin Loopskoene, veter, vanaf 25/-

MANS

Bruin Stewel vir Kamaste 45/-
Bruin Skoene, van 29/6, 35/- tot 46/-

SKOENE OP SIG PER POS TEEN
1/- PER BESTELLING. Skryf aan:

DE BRUYN SE POSBESTELLINGS

(EDMS.) BEPERK

ANDRIESSTRAAT 190
(Langs Wesleyaanse Kerk)
PRETORIA

PRESIDENT MOTORS

BEPERK

VRA:

Kies Vandag !!

of Moontlike Kapitaal-Appresiasie deur Gewone Aandeel
of Gewaarborgde 5 pst. Dividend deur Preferente Aandeel

300,000 Gewone Aandeel, 5/- elk £75,000
25,000 Akkumulatiewe Preferente, £1 elk 25,000
Huidige Geoutoriseerde Kapitaal 100,000
Reeds Uitgegee 46,000 Gewone 11,500

Geen

KONTROLE !!!

SPESIALE STEMREGTE !!!

Agente vir General Motors — CHEVROLET, BUICK, ens., te Bloemhof en Schweizer-Reneke. Ander dorpe volg binnekort. — Gespesialiseerde Tweedehandse Handel in Johannesburg.

Direksie: Dr. Phil J. Botma, Best. Dir.; Ben. J. Pienaar, Voors.; Ryk Nagel en Adv. D. F. du Toit.

Doen aansoek by:

DIE SEKRETARIS — Bus 7638 — JOHANNESBURG.

Die geleentheid waarop u Gewag het

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

ASOKOR BEPERK

BELEGGINGSMAATSKAPPY BETROKKE BY DIE VLEIS- EN
PRODUKTE-HANDEL EN DIE VEE-NYWERHEID

Direkteure: Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Econ., LL.B., C. C. Kriel, A. Bickel, A. C. Lombard, Gerard Bekker, L.V., Gordon Tomlinson, Sy edele N. C. Havenga, S. P. Bekker, P. J. du Plessis, Jnr., J. J. Ackermann, C. Miles Warren, L.V.

Hoofbestuurder: P. J. Kruger.

KAPITAAL:

4,000 Gewone £25-aandeel	..	..	..	..	£100,000
150,000 Gewone £1-aandeel	..	..	..	..	£150,000
					£250,000

Die 4,000 gewone aandeel van £25 elk is reeds ten volle deur die produsente- en verbruikers-publiek opgeneem.

150,000 GEWONE AANDELE VAN £1 ELK WORD NOU AANGEBIED.

1943 — 1944 Dividend 4%

1944 — 1945 Dividend 6%

(Omset van filiale vir die afgelope jaar oortref £1,000,000)

DIE MAATSKAPPY SE AANDELE WORD NIE OP DIE BEURS GEKWOTEER NIE. ASOKOR bied veilige beleggingsmoontlikhede aan, omdat die maatskappy hom slegs met die handel in lewens-noodsaaklikhede bemoei, en wel op 'n non-spekulatiewe basis.

Verkry die prospektus en ander inligting by:

DIE SEKRETARIS,

Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein

Navrae kan ook gerig word aan die Van Riebeeck Trust Mpy. Beperk, Security-Gebou, Kaapstad

Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



J. P. R. VAN HEERDEN.

Geïnterneer op 21 November 1942 en ontslaan op 11 Desember 1943.

„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie”.

BELANGRIKE AANKONDIGING
—
HOU HIERDIE RUIMTE DOP

TARIEF VIE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Standaard Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterf-
geval, in memoriam, gelukwensings,
ens.) 2d. per woord; minimum 4/-
per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir
herhalings 25% afslag.

Handelsadvertensies:
Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar):
3d. per woord, minimum 6/- per
plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvol-
gende plasinge: 2½d. per woord,
minimum 5/- per plasing. Vir 27
tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d.
per woord, minimum 4/- per plasing.
slag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn-
weeklik): 10/- per jaar of 5/- vir
ses maande. Vooruitbetaalbaar.

**Stuur advertensiebestellings en inte-
kenings aan:**
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

GROBBELAAR. — Aan Hoofgene-
raal en mev. P. J. Grobbelaar van O.B.
Hoofkwartier Gebied C. 'n fris O.B.-
seun op 21 Februarie. Naas die Gewer,
dank aan dokter en verpleegsters.

HUWELIKE

VAN RIJSWIJK — WIJUM. — Ons,
Lettie, oudste dogter van mnr. en mev.
E. Wijum, en Willem, oudste seun van
mnr. en mev. J. H. van Rijswijk, albei
van Stellenbosch, trou in die De Bloem
Kerk, Bloemfontein, op Saterdag, 23
Maart, om 2.30 n.m. Geen kaartjies.
Telegramme: Waverleyweg 40. Geluk-
wensings: Fichardt se Teekamer.

DANKBETUIGING

Kommandante Schreuder en familie
wil hiermee ons dank uitspreek teenoor
al ons O.B. en ander vriende vir die
liefdevolle vriendskap wat ons saam
geniet het in Bloemfontein, met ons
verblyf daar. Dit was onmoontlik om
almal te groete, so sê ons dan: Tot
weersiens, en onthou: nie vaarwel.
P.K. Malelane, oor Nelspruit, Tvl.

IN MEMORIAM

BOSHOFF. — Met weemoed en ver-
lange dink ons terug aan die more van
7 Maart 1945, toe verhuis is na sy
hemelse woning, ons dierbare eggenoot
en pappie. Jou liggaam aan die graf
vertrou, Ons wou jou tog so graag
lang hou. Eenmaal sal ons daarbo
verstaan. Waarom jy so vroeg moes
gaan. — Verlengende eggenote en kin-
ders, Jagersfontein.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafsteine, Monumente en Randmure
opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike
kwotasie.

**S.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENT-
WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cille, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND
Foons 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

PERSOONLIK

GEYSHARE tot natuurlike kleur her-
stel of geld terug. 5/6 per bottel.
posvry. Geld met bestelling. Krul-
behandelings vir alle stektes verkryg-
baar. — „DIE BOEREVROU,” Bus
7559, Johannesburg.

MARRAGENTSAP. — Deskundige
inligting gratis aan pluimveeboere.
Stuur alle produkte aan: COETZEE,
JORDAAN en BOJE (EDMS.) BPK.,
Woluterstraat 62, Newtown Johannesburg.
Foon: 33-8297. Telegramme:
Bojemark.

Kom na OOSTELIKE WINKELS vir
al u Benodigdhede. U sal tuis voel vir
ons. Telefoon 86-614. OOSTELIKE
WINKELS (KO-OP.) BPK., Adderley-
straat 53-55, Posbus 3104, PORT
ELIZABETH.

AANDELEWERWERS BENODIG

Noudat die droogtoestand feit-
lik oor die hele land verlig is, kan
die werwing van Persoon-aandele
weer hervat word.

Goeie vooruitsigte en vergoeding
word aangebied vir slukke en be-
kwame werwers.
Doen aansoek by: DIE SEKRE-
TARIS, PERSKOP, Grootte Kerk-
gebou 703, Posbus 1411, KAAP-
STAD.

BENODIG

BENODIG. — 'n Dame tussen 25 en
45 jaar, vir algemene huishouding vir
'n wewenaar. Goeie huis; bedienende
in diens; goeie vooruitsigte. Jongste kind
in huis 12 jaar. Kiekie op aanvraag.
Skryf aan A. F. ELS, Meisies Halt,
OOS-LONDEN.

MELK. — 100 gelling Melk daaglikas
gelewer suidelike voorstede. Skryf aan:
C. D., Posbus 1411, KAAPSTAD.

DRINGEND BENODIG. — Onderwy-
sers, 2 kinders Std. 2 (Goewerments-
sillabus) op plaas. Vry inwoning.
Dienste moet tweede kwartaal 1946
aanvaar word. Meld kwalifikasies en
salaries. Doen aansoek: D. M. VIL-
JOEN, Posbus 24, Bethlehemsport,
BETHLEHEM.

BETREKKING VAKANT

GEVRA. — 'n Jong getroude of on-
getroude voorman op plaas in Karoo.
Boerdery bestaan hoofsaaklik uit skaap-
boerdery. Kennis van windpompe of
iemand wie gereed is om kennis met
hulle te maak, en ook sementwerke.
Doen aansoek by: A. VILJOEN, Bloem-
hof, RICHMOND, Melk salaries ver-
lang, ens.

RADIO

LOUW EN LOUW, die beroemde ra-
dio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, ver-
koop en herstel Radio's en Elektriese-
toestelle. Geregistreerde Elektrisiel-
sannemers. Foon 9.8435.

ELEKTRIESE WAKE

Vir alle ELEKTRIESE INSTALLA-
SIES en BENODIGDEDE raadpleeg
J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410,
Paarl. Foon 354.

MOTORHAWEDIENSTE. — Vir sul-
wer dienste ondersteun 'n ekte Afri-
kaanse saak. Spuitverf, duikverwyder-
ring en swelsing. Volledige reparasies
aan alle motors. — S T R Y D O M S
GARAGE EN KIE, Toddstraat 8,
PORT ELIZABETH.

TE KOOP

ANGELIERPLANTJES. — Pragtige
sterk Amerikaanse Boom-Angelierplant-
jies, 3/6 vir 12, 20/- vir 100, 16-10-0
vir 1000, vir die volgende soorte: Cor-
ona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty
en Salmon Regina. Bestellings word ook
gemeen vir later aflewering. — S. C.
STANDER, Bus 20, Tzaneen.

**BEROEMDE SWARTBERKIE SAAD-
BONE.** — Direk van die Boer: 105/-
per 203 lb. sulwer, gelouter teen kog-
gas, baie goeie draer, net 10 weke.
Gelewer bushalte. Van: F. JACOBS,
P.K. Vischgat, Oor VAALWATER, Tvl.

CEDERBERG-ROOIBOSTEE (Eerste
Graad Sulwer). — 'n Verfrissende en
Verkwikkende Gesondheidsdrank. Vra
u Handelaar om vir u te bestel. Die
spesiaal-gekwakte, sulwer Cederberg-
Roerbostee, vir geur en gesondheid, di-
rek van die verskaffer: A. J. MOUTON,
Gelukwaarts, CITRUSDAL, K.P.

EERSTELAS UIESAAD. — Vroeë
Kaapse Plat, Geel Uie, 8/- per pond.
Australiese Bruin en Spaanse Bruin
Uie, 6/- per pond. Silver King, 10/-
per pond. Gesertifiseer No. 8163 en
6372. — GERT VAN ROOYEN, Bus 41,
UNIONDALE.

GROENTESAAD. — Chantenay Wor-
telsaad 10/-; Detroit Beet 9/-; Blom-
kool: Sulderkruis 18/-; Reliance 20/-;
Spitzkopkool 10/-; Blaarslaai 20/-; Uie:
Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 9/6;
Silver King 10/6. Kontant. Vra volle-
dige pryslys van: PREMIERS, Bus 11,
SCHOEMANSHOEK.

HERHOLDT se JURILEEN PERSKE.
— Die gevierde „Kerstes Elberta”;
profyt-bringer vir die vrugteboer; genot-
vol in die huisboord. Voorkom teleur-
stelling. Plaas u bestellings nou vir
ons beroemde swaardraende Vrugte-
bome. ROSE van bekoorlike prag in
kleurryke sorteringe. Pryslyste vry.
— HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE,
Posbus 660, JOHANNESBURG.

HONDE. — Pragtige twee-maande
oud Boerboel Hondjies gekruis met
Boelterrier. Baie kwaai en waaksam.
Reuntjies 13/3/-, Tefies 12/2/-, Kontant
met bestelling. Skryf aan: G. DE
BRUIN, Clydesdaleweg 54, Casseldale,
SPRINGS.

HANE. — Aantal jong Wit Leghorn
Hane teen 11 stuk. Doen aansoek by:
JOHNNY RADEMAN, Drostydstraat,
SWELLENDAM.

LOGIERY TE VERKOOP. — Hele
besigheid met toebehore, ongeveer 23
morge, grensende aan Vryburg-dorp.
Woonhuis, windpomp, looifabriek, in-
sluitende 300 gekoelde grootwildvelde,
300 skaap- en bokvelde. Koopprys
£2.000. Verdere informasie op aan-
vraag van: P. S. MARAIS, Bus 107,
VRYBURG.

MEUBELS. — Koop u meubels van
UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK.,
en wees versker van u waarde en be-
sparring. Geen katalogusse tot beskik-
king nie. Skryf om besonderhede en
meld wat u verlang. — Hoofkantoor:
Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesig-
heid: Jan Phillips-gebou, Lady Grey-
straat, Paarl. Foon 929. Agentskap:
Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-
huis, Kerkstraat, Wynberg.

MEUBELS. — Swierige en duursame
Tambotie- en Kint-Meubels, regstreeks
van ANDRIES MAREE se Meubelfab-
riek, teen streng fabrieksprijs.
— Navrae: ONS BOERE-MEUBELWIN-
KEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg.
Telegramme: „Tambotie”. Tel. 136.

PLANTJES. — Blomkool, Platkop-
kool, 2/6 per 100. Spitzkopkool, 1/6
per 100; Tieme 2/6 per dosyn. Vars
Saad wat nou gesaai kan word: Reuse-
gesigglies, 2/6 per pakkie. Lecubekkie,
Ysland-papawers, Chabud-angeliers,
1/- per pakkie; 2/6 vir 3 pakkies.
Godetta, Rooi-sallie, Gousblomme, Flok-
sies, Shirley-papawers, 1/- per pakkie;
5/- vir 10 pakkies. Posvry. — PIETER
BOTHMA-KWEKERIE, Posbus 5,
LOTHAIR.

PETRA-MEUBELS BPK. — Die goed-
koopste Meubelwinkel in Pretoria vir
kwaliteitsmeubels. Radios in voorraad.
Posbus 1356, PRETORIA.

PLAAS TE KOOP. — 2,434 Morge,
8-10 myl vanwaar nuwe steenkoolmy-
n-geopen word. Distrik Waterberg. Nuut-
gebooue 8-vertrek woonhuis. Plaas aan
drie kante omhein. Baie water; 12 myl
van grootpad; busroete; telefoon, pos-
kantoor en skool. Prys 40/- per morg.
Geen brieweisseling. Slegs telegram
van sluiting van koop word aangeneem.
Telegrafeer aan: B. J. STANDER,
Geelhoutkloof, Pos SOUTVLEI.

RHODESIAN RIDGEBACKS (Snel-
rug) Honde. — Uitstaande registreer-
bare hondjies. Gesond, mooi gekleur
met pragtige rugmerk. Uitstaande wag-
en jaghonde. Reuntjies en tefies van
3 (drie) weke en twee tefies van 2½
maande. Pryse: Reuntjies 17/10/- en
tefies 15/10/-. Asook te koop: Kelpie-
Collie Skaaphondjies van uitstaande
werkende ouers. Pryse: 11/15/- en
11/5/- vir reuntjies en tefies. — HAAR-
HOFF, Uitkomst, GRAAFF-REINET.

Britse Blad Begaan Oor Duitse Nederlaag

„Die Protestantisme in Duits-
land, Oostenryk, Hongarye en
in ander Sentraal-Europese lan-
de het in so'n mate skade gely,
dat dit onherstelbaar is. Dit
is die regstreekse gevolg van
die Geallieerde oorwinning oor
Hitler en Nasionaal-sosialisme,”
skryf die Britse blad The Van-
guard.

„Niemand sal meer kan bet-
wis dat die vernietiging van
Nazi-Duitsland geestelik nadelig
was vir die Protestantisme in
Europa en dat die Geallieerde
„oorwinning” die invloed van die
Pousdom in elke deel van Euro-
pa vermeerder het, behalwe in
dié dele waar die godlose kom-
munisme of bolsjewisme die
oorhand het,” verklaar die blad.
„En dit alles is die werk van
Protestantse Engeland en sy
belangrikste bondgenoot, Pro-
testantse Amerika. Want hier-
die twee lande met hulle strewe
na groter imperialisme en na
groter finansiële en politieke
mag . . . het die Protestantisme
in Duitsland aan hande en
voete geboei en het van die
eens grote en vrye volk slave
van kommunisme en 'n vrug-
bare teelaarde vir die Pousdom
gemaak.”

Wat die mense van hierdie
land nie weet nie, betoog die
blad, is dat onder Hitler die

Protestantisme magtiger en
magtiger geword het, terwyl
die Rooms-katolisisme al swak-
ker geword het. . . „Dat Hit-
ler die protestantisme bewonder
het en daartoe geneig was,
word bewys uit die bladsye van
sy boek. Die boek is aangeval
deur Jode en Katolieke maar
sover as ons kennis strek, het
geen goedingelike Protestant
oort „Mein Kampf” verdoem
nie.

Nasionaal-sosialisme het vir
die Duitser gebring wat geen
ander politieke en ekonomiese
stelsel aan hulle kon gee nie.
Dit was nie Hitler wat die wê-
reld wou verower nie. Dit is
Rome en die Jode wat daarop
uit is om die wêreld te vover,”
besluit die blad.

RUSSE ONTVOER JAPANNERS

Sowjet-Rusland het tussen
500,000 en een miljoen Japan-
ners van die Mantsjoeryse leër
na Rusland weggevoer. Hierdie
tyding kom van Sapa-
United Press wat die berig
verkry het van die Amerikaanse
radio-beriggever uit Sjanghai.
Daar is verklaar dat niemand
weet waarheen hierdie Japan-
ners vervoer is nie en wat met
hulle gemaak gaan word nie.

Die Rooi Leër is druk besig
met grootskepe oorlogsmate-
riële en wapenry van Man-
sjoerye, word uit Dairen
berig. Die Sowjet het die elek-
triese korporasie in die noord-
ooste van die land gekomman-
deer. Hierdie korporasie be-
heer die kragstasies in die hele
gebied.

Stalin Nie Uitgenooi

Toe die Britse eerste minis-
ter in die laerhuis gevra is of
die regering dit oorweeg om
Stalin uit te nooi om Engeland
te besoek om deel te neem aan
die oorwinningsfeeste, het hy
geantwoord dat die Britse rege-
ring met die oog op die huidige
omstandighede dit nie gerade ag
om Stalin uit te nooi nie.

Die dik aangeplakte skyn-
vriendskap tussen Engeland
waarvan Churchill sy mond vol
gehad het gedurende die Pots-
dam-konferensie, is blykbaar
afgeskilfer deur die harde werk-
likheid van Russiese imperia-
lisme.

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde
persone verkrygbaar.

Termen uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266

WORCESTER:— Posbus 57

KAAPSTAD:— Posbus 2387

Vir Deftige Tabberds
Twee-stuk Rokke
en Somerhoede

Kom seker eers na

Steyns

DIE DAMES-WINKEL
PAROW

SKEPE VIR UNIE

Die regering wend tans 'n
poging aan om vyf skepe aan
te koop sodat die handel wat
gedurende die oorlog met die
Wes- en Ooskus van Afrika
aangeknoop is, te behou en uit
te brei. Veral die handel met
die Kongo het baie toegeneem
gedurende die oorlog.

Die bedoeling is dat twee van
die skepe langs die kus van
Afrika gebruik sal word. Die
ander drie sal die handel tussen
Suid-Afrika, Indië en Australië
behartig.

**ANTI-FRANSE MAAT-
REELS:** Genl. Franco het ge-
las dat alle Franse onderdane
in Spanje die land moet ver-
laat, berig Reuters. In die uit-
gevaardigde regulasies word
ook vervat dat die posdiens tus-
sen Spanje en Frankryk onder-
breek sal word en dat die see-
en lugverkeer tussen hierdie
twee lande verminder sal word.
Dit volg op die Franse besluit
om die grens tussen die twee
lande te sluit.

VERJAARDAGKETTING

- 14 MAART: Cecelia Barnard, Homtini;
Corrie Botha, George; Erica Nortje,
George; Izak van Zyl, Paarl; Freder-
rick Lubbe, Tiervlei; Gertruda van
Rensburg, Loxton; Maria Steenkamp,
Koeisabees; Francina Feyt, Durban-
ville; Susanna Holloway, Strand;
Petrus Pienaar, Fraserburg; Anna
Nortje, George; Rita Burger, Brand-
vlei; Jochem van der Walt, Potchef-
stroom.
- 15 MAART: Elsie Grobler, Pletersburg;
Jacomina Oberholzer, Vaalkop, Anna
Louw, Tamboerskloof; Christine
Botha, Stellenbosch; Willem Smit,
Merweville; Magdalena Coetzee, Wil-
genboutsdrift; Gabriel Luttig, Paarl;
Annette Möller, Ceres; Wilma du
Plessis, Paarl; Jannie Gagliano, Mar-
chand.
- 16 MAART: Hendrika Opperman, Mer-
weville; Kossie Loubser, Malmesbury;
John Freeman, Eppinguindorp; Isa-
bella du Plessis, Sutherland; Stepha-
nus Kuhn, Robertson; Catharina
Swanepoel, Paulpotgietersrust; Lou-
rika Marais, Levubu; Heiltje Sny-
man, Rustenburg.
- 17 MAART: Pieter Naude, Bethlenem;
Pieter Wellbach, Dendron; Johanna
Victor, Beaufort-Wes; Thomas Wiers-
ma, Rondebosch; Johanna Mostert,
Bellville; Janetha Maasz, Wilgen-
boutsdrift.
- 18 MAART: Emmerentia Pienaar,
George; Marie Theunissen, Duiwels-
kop-Landgoed; Wilhelmina Blumen-
thal, George; Lynette Heyns, Hu-
mansdorp; Jurgens Hanekom, Paarl;
M. Engels, Loxton; Beatrice Yonck,
Groot-Brakrivier; Petrus Heystek,
Werkmetus; Rona Meiring, Mame-
galieskraal; Willem van der Merwe,
Marico Draai; Johanna Brink, Wes-
selsbron.
- 19 MAART: Hermanus van Vollenho-
ven, Bethlehem; Hester Grobler,
Doornboom; Jacobus Raai, Utrecht;
Anna Zwart, Aughrabies; Beatrice
Barnard, George; Jonette Garbers,
Beaufort-Wes; Martinus Ferreira,
Humansdorp; Hannaleen le Roux,
Bellville; Johanna Bergh, Aughrabies;
Josua Dykman, Paarl; Engels Dek-
ker, Parow; Mauritz Bam, Port
Elizabeth; Martha van Wyk, Mar-
chand; Leroux van Rooyen, Wilgen-
boutsdrift.
- 20 MAART: Anthonie Victor, Merwe-
ville; Anna Symington, Sutherland;
Jan Young, Houtbaai; Sakkie Bur-
ger, Brandvlei; Marie Nel, Carnar-
von; Juliana Kruger, Groblershoop;
Marla Calitz, Kirkwood; Johannes
Bothma, Hoewal; Jurgens Schreuder,
Bloemfontein.

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik.
weekliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Elenaar: GUSTAV RETIEF

Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN 13 MAART 1946.

DIE BOEREJEUG EN Klasseverdeling

Ons volk is 'n verskeurde volk — polities, sosiaal, ekonomies en kerklik.

As jeug kan en wil ons ons nie inmeng met partypolitiek nie; op ekonomiese gebied weet ons dat die O.B. die kampvegter vir die arbeider is en op kerklike terrein geniet ons kerkvaders volkome ons vertroue. Maar op sosiale gebied met sy afgebakende klasseverdeling tree ons in en gaan die Boerejeug hierdie onding vernietig.

Klasseverdeling is amper so oud soos die mens self. By die ou Egiptenare reeds vind ons dit — die Faro's wat as die direkte verteenwoordigers van die Songode, Horus en Ra, mag van lewe en dood oor hul onderdane gehad het. Ook in Europa met die feudale stelsel is hierdie klasseverskil gehandhaaf. Die land is regeer deur 'n klein klompie groot grondbesitters wat soos parasiete op die res van die bevolking geteer het. Tereg kon gesê word: Arbeid adel, maar adel arbeid nie.

Dat dit 'n eeu-oue stelsel is, regverdig nie klasseverskil nie soos die Franse en Russiese rewolusies o.a. bewys het. Na die val van die adel, behalwe in Engeland waar dit vandag nog bestaan, het 'n nuwe soort klasseverskil sy verskyning met die Industriële Rewolusie gemaak, t.w. die ryk middelklas en die arbeiders wat die hoofgroepe in die kapitalistiese staat uitmaak.

DRIE KLASSE

In ons eie land kry ons vandag dat 'n blanke bevolking van ongeveer 2,000,000 skerp in drie klasse afgebaken word:

1. Die groot grondbesitters, industrialiste en professionele mense wie die land vir eie voordeel met die parlement as mondstuk regeer.

2. Die geskoolde arbeiders en klein boere.

3. Ongeskoolde arbeiders en bywoners.

Die grondslag vir hierdie kunsmatige verdeling is geld. Dis nie wat 'n persoon is nie, maar wat hy het wat hom sy status in ons gemeenskap gee.

Die gevolge sien u aldag rondom u in die stap van die werklose; in die selfbewuste houding van die bywonersvrou as sy by die grondbesitter aan huis kom; in die honger ogies en platgedrukte neusies teen die winkervensters.

In Suid-Afrika, die rykste land, loop daar 800,000 ondervoede blankes rond, behalwe nog die 8,000,000 nie-blankes wat in nog groter ellende leef. Waar hulle eie volksgenote dan sosiaal en finansiële die rug op hul draai, kan hulle mos nie blameer word as hul al meer die toevlug tot kommunisme, wat hulle met ope arms ontvang, neem nie.

ONS PLIG

Terwyl ons Vaderorganisasie probeer om klasseverskil op ekonomiese gebied te beveg deur teen die onregverdige verdeling van geld in ons kapitalistiese staat te stry, moet ons as jeug nou alreeds ons minderbevoegde makkertjies so tuis moontlik in ons geselskap maak.

Ons volk is te klein en verdeeld om deur so 'n kunsmatige manier nog verder verbrokkel te word.

Vir die Boerenasie is dit 'n uitheemse verskynsel wat in die twee Boere-Republieke onbekend was.

Ons volksverlede kan nie hierdie beginsel regverdig nie. Het ons minderbevoegde volksgenote nie ook met die Voortrekkers huis en haard ver-

laat om vir u en my wildernis en barbaar te trotseer nie? Het net ryk Afrikaners op ons slagvelde tydens ons Bevrydingsoorlog gesterf? Het die ryk middelklas alleen die vernedering van die vreemde oorheersers moes verduur? Was die vernedering nie baie groter vir dié wat geruineer deur die oorlog dorpe-toe moes trek om daar die hand van die vyand te lek om brood en water vir die verhongerde gesin nie?

As party van ons dan gelukkiger uit die stryd getree het, is dit nou ons Boerejeugplig om die hand uit te steek en te sê: „Kom my Broer en Suster, ek sal jou help, want deur ons albei se are vloei die bloed van 'n nasie.”

„Plig” Ons Wagwoord

(SLOT)

Om 'n veldkornetskap doeltreffend te kan organiseer, moet elke offisier tot die laagste rang die vertroue en agting van sy juniors ten volle besit. U sal dit nie verkry deur u mag te misbruik nie. U verlang van hulle lojaliteit, nie vrees nie.

Wees streng, maar billik en regverdig. Wanneer gestraf moet word, mag geen offisier omdat dit 'n vriend of broer is daarvoor terugdeins nie. Dog, laat liefs ingeval van twyfel 'n skuldige ongeskuldig as 'n onskuldige gestraf.

'n Offisier se laaste plig is teenoor homself. Plig stel sy eise aan liggaam sowel as gees en daarom moet 'n offisier gesond wees. Om dit te verkry, moet hy 'n skoon lewe lei. Slegte gewoontes en gedagtes wat die liggaam en gees verswak, moet vermy word. Onthou offisiere, u liggame behoort nie meer aan u nie, maar wel aan u volk. Vermy skadelike drank, rook, verdowingsmiddels ens. en doen liggaamsoefeninge sodat u elke spier in u liggaam onder u beheer het.

HOER

Hoe meer 'n mens leer, des te meer besef jy hoe min jy werklik weet. Streef hoër en probeer self bekwaam vir die taak wat op u skouers, as opvoeder van die Jeug, rus. Die vernamste wyse waarop 'n kind leer, is deur vrae te vra. U moet u bekwaam om die vertroue wat die vraertjie in u oordeel en kennis stel, nie teleur te stel nie. Die jeugoffisier se taak is die allerbelangrikste in ons hele organisasie, want waar die O.B.-offisier met die klaargemaakte produk moet sukkel, is u, Jeugoffisier, besig met die vormingswerk. Van u sal dit afhang of ons Jeug sal opgroei tot manne en vroue van daad en karakter of lamsakke, 'n smet op die Boerenasie!

Indien u moed u in 'n oomblik van swaakheid begewe, dink terug aan u voorvaders. Die

beste en edelste bloed vloei deur u are; hulle het groot en dapper dade gedoen. U, hulle nasate, durf daardie bloed nie verloën nie.

Gesondheid, bekwaamheid, moed — u pligte teenoor self as offisier en trou, trou teenoor u ondergeskiktes, u meerderes, self en die uitlewing van die laaste twee reëls van ons Volkslied:

ONS SAL ANTWOORD OP JOU ROEPSTEM, ONS SAL OFFER WAT JY VRA, ONS SAL LEWE, ONS SAL STERWE, ONS VIR JOU, SUID-AFRIKA.

Ons Herdenk

Die sterwe van:

Hendrik v. Heerden, Jac.-sn., gebore op Cradock; veroordeel en doodgeskiet op 2 Maart 1901.

Karel Nienaber, Petrus Nienaber en Jan Nieuwhoudt. Tereggestel op De Aar op 10 Maart. Beskuldig dat hulle gehelp het met die ontsporing van 'n trein by De Aar op 18 Februarie 1901. Veroordeel deur 'n krygsraad.

Hulle was getrou tot die dood.

(Vervolg van kol. 5) van daardie eenheid is. Vir die beswil van ons volk is dit dus ons plig om onself geestelik, verstandelik en liggaamlik so bes moontlik op te bou.

Mag ons korrespondensie met mekaar tot 'n mate in hierdie taak behulpzaam wees.

In afwagting van 'n spoedige antwoord van jou, sluit ek Met opregte Boerejeuggroete,
BRANDWAG.

SE ASB. DAT U DIE ADVERTENSIE IN DIE O.B. GESIEN HET

AMPTELIKE KENNISGEWINGS

(DEUR DIE JEUGLEIER)

Die volgende Boerejeug-offisiersopleidingslaer (seuns en dogters) word weer onder die aandag van offisiere gebring:

GEBIED A: Vanaf 30 Maart tot 7 April 1946, op die plaas van Generaal H. J. du Toit, Brandwag, Rhenosterkop. (Boerejeugbevel 1/46).

Dit is dringend noodsaaklik dat minstens een persoon uit elke O.B.-eenheid van Gebied A die laertrek bywoon. Belangstellende offisiere en lede van die O.B.-kommando's, asook Boerejeugoffisiere uit Gebied B sal welkom wees. Nadere besonderhede kan van die plaaslike jeugoffisier of Gebiedskantoor verkry word.

VERJAARDAGKETTING: Alle lede wat voor 1946 geregistreer is, moet hulle so gou moontlik by hul veldkornet(te) of by Boerejeughoofkwartier laat herregistreer en die posadres met 3d. hernuwingsgeld insluit. Vanaf 1 Junie sal geen name in die Verjaardagketting verskyn, tensy aan bogenoemde voldoen is nie.

BRIEF

Meyer-gebou 9,
Kerkstraat,
Potchefstroom.

Beste Kameraad,

Met belangstelling het ek jou mees welkome brief deurgelees en was bly om te verneem dat daar soveel lewe in julle afdeling bestaan.

Ja, ek het ookal die vraag herhaalde male gehoor „Maar wat is 'n Volksbeweging?”

Laat ons die woord „Volksbeweging” in twee verdeel en noukeurig ontleed wat elkeen beteken. Later voeg ons dan weer „Volk” en „Beweging” saam en kyk of ons helderheid gekry het. Ons sal dan ook kan vergelyk hoedat die Ossewabrandwag daarby aanpas.

'n Volk versinnebeeld vir ons 'n groep mense wat weens hulle gemeenskaplike herkoms, geskiedenis, taal en bestemming uit eie drang aan mekaar gebonde voel. Elke volk het sy eie vorm, taak en toekoms.

Alhoewel so 'n gemeenskap of groep mense uit aparte individue bestaan, leef die groep hom tog as 'n eenheid uit. Gesamentlik vorm alle volksgenote dus die Volk. Dit wil egter nie sê dat die Volk uit 'n groep losstaande individue

bestaan nie. Intendeel, die Volk is 'n organiese eenheid, waarin elke lid van die ander afhanklik is.

Omdat die Volk dan 'n eenheid of organisme is, is dit vanselfsprekend dat as 'n deel van die Volk ly die hele volk saam ly. Daarom sal dit ook van die afsonderlike volkslede verwag word om in hulle optrede so te handel dat dit nie nadelig op die volksgemeenskap sal inwerk nie. Dit mag selfs vir die volksgenoot nodig wees om iets wat vir hom voordelig sal wees te laat vaar omdat dit nie tot voordeel van die volk sal strek nie.

'n Ware volksgenoot se leuse sal dus wees: „Volksbelange bo eie belange”.

Alhoewel 'n volk sy staatkundige grense mag beperk, is dit geensins noodwendig dat grense 'n volk moet beperk nie. Juis omdat 'n volk 'n organiese eenheid is kan hy homself bo staatkundige beperkings stel. Waar 'n Volkslid teenwoordig is, is daardie betrokke Volk verteenwoordig.

So verteenwoordig elkeen van ons, ek en jy, dan ook die Afrikanervolk aangesien ons 'n deel (Vervolg in kol. 3)

4 VRAE WAT ALLEENLIK U KAN BEANTWOORD

- (1) Is u tevrede met die Kwaliteit van die Drank wat u nou kry?
- (2) Is u daarin geïnteresseerd om drankte te bekom waarvan Karakter, Buitengewone Smaak en Keurigheid die treffendste punte is?
- (3) Weet u dat Excelsior Wyne, Brandewyne en Likeure hierdie eienskappe besit?
- (4) Weet u dat die Excelsior Wynmakery se produkte verkrygbaar is teen die laagste pryse verenigbaar met kwaliteit?

Skryf vandag vir 'n volledige Pryslys! Dit en u Bestellings sal onmiddellike Aandag geniet.

Excelsior Wynmakery
Posbus 1 Foon 902
Telegr. Excelsior, Vlakteplaats.
VLAKTEPLAATSTASIE, K.P.

SKILFERS



MOENIE
U AANTREKLIKHEID
BEDERF NIE

Raak ontslae van daardie
lastige skilfers deur
middel van

VOORSLAG-
SKILFERMIDDEL
4/- Posvry van
VOORTREKKER-APTEEK
Kerklaan — Kaapstad (1)
en MAYLANDSTRAAT,
BLOEMFONTEIN



„BAAS” — Die Mustkate Bobbejaan
Leerling van RAATH-ATELJEES.

SPEEL OP GEHOOR

Die Wondermetode van die Eeu
deur JANNIE RAATH

in
KLAVIER — JAZZ — TREK-
KLAVIER — HAWAIESE
KITAAR — KITAAR

Die enigste van sy soort. Oor en jonk kan nou op gehoor speel — geen kennis of oor vir musiek nodig nie. Speel eerste wysie binne 30 minute oefening. Geld terug waarborg. Pos 1/- Posorder vir besonderhede aan:

RAATH-ATELJEES

Erasmus-Gebou, Pretoria — Posbus 1175 — Foon 24736

Hierdie Onsin Kos Die Volk £55

Elke woord wat in die parlement gebesig word, of dit nou kaf is wat die lede praat of nie, kos die belastingbetaler van hierdie land een sjieling. Die parlement kos ongeveer £200,000 per jaar, en verlede jaar toe dit 'n rekordsitting was, is daar iets meer as vier miljoen woorde kwytgeraak, om ongeveer 50 brokkies wetgewing af te handel. Dit werk uit op een sjieling per woord.

Uit die Volksraad-,debatte" blyk dat die volk hierdie geld moet betaal om die parlementslede die geleentheid te gee om van hul sothede ontslae te raak.

In Hansard No. 5 van 1946, par. 2139—2142 staan die volgende:

„Mnr. JACKSON: Ons kry die agb. lid van Beaufort-Wes jammer. Ons wil hom herinner aan die gesegde dat enige dwaas eksklusief kan wees, maar dat slegs 'n groot man inklusief kan wees. Daar is net een raad wat ek hom kan gee en dit is dat hy gereeld die baaiplek by Graaff's Pool, Seepunt, moet besoek. As hy in die koue water van die Atlantiese Oseaan baai, sal hy vind dat dit baie verfrissend is en onder diegene wat gereeld daar kom, sal hy 'n baie gesonde gees van kameeradschap vind. Hy mag selfs, as hy lank genoeg daar baai, besied raak met 'n ware gees van Suid-Afrikanerskap en toegewender word in sy uitkyk op die lewe en verdraagsamer teenoor sy medemens.

Die SPEAKER: Orde, orde. Ek dink die agb. lid moet liever tot die wetsontwerp terugkeer. Mnr. J. H. CONRADIE: Dit is die soort ding wat mens van die agb. lid kan verwag.

Mnr. BOLTMAN: Waarom gaan jy nie jou toespraak in Distrik Ses hou nie?

Mnr. JACKSON: Ek is bly om te sien dat die agb. lid nou op pad is na daardie distrik toe. Die punt is nie nou of dit toevallig die seun van daardie agb. lid is nie....

„HERHAAL”

Mnr. LOUW: Herhaal wat u gesê het; ons sal u verlenging van tyd toestaan.

Mnr. JACKSON: Dit sal nie nodig wees om soveel tyd in beslag te neem om met die lid af te handel nie. Hy het met die agbare lid vir Rosettenville in sy afwesigheid afgehandel. Hy het die aanval op die agbare lid se militêre diens gemaak.

Mnr. BOLTMAN: Hy sal jou met DDT aanval.

Mnr. JACKSON: Laat ek die agbare lid vir Beaufort-Wes meedeel dat hy mosterd na die maal is.

Mnr. LOUW: Praat duidelik, jy het 'n aartappel in jou mond.

Mnr. JACKSON: Die agb. lid vir Rosettenville het eerbare oorlogsdienste gelewer en omdat hy reeds aan hierdie debat deelgeneem het, kan hy nie weer praat nie.

Mnr. LOUW: In watter oorlog?

Mnr. JACKSON: As jy 'n bietjie geduld beoefen, sal jy hoor. Op die ouderdom van 15 jaar en 11 maande het hy vir militêre diens in die Eerste Wêreldoorlog aangesluit. Toe hy 16 jaar en 3 maande oud was, het hy sy eerste vuurdoop in Oos-Afrika ondervind. Hy het heelwaarskynlik meer koeëls gesien, meer koeëls gehoor fluit en baie na aan meer koeëls gewees as wat die agb. lid van Beaufort-Wes al ooit gesien het as generaal in die Ossewabrandwag.....

„n AGB. LID: Praat nou weer oor die Spoorweë.

AGB. LEDE: Nee, laat hy aangaan.

Mnr. JACKSON: Ek hoop dat ons nou vir eens en vir altyd die kwessie van 'n dubbele salaris afgehandel het.

Mnr. BOLTMAN: En jy sit met die geld in jou sak.

Mnr. JACKSON: Die agbare lid vir Rosettenville is ingenieur van beroep en as hy nie meer kan verdien as wat sy militêre soldy as kaptein is nie, sou dit my heelwat verbaas.

Mnr. LOUW: Vertel ons van Johannesburg-(Wes).

„MISKIEN AANGAAN”

Mnr. JACKSON: Daar bestaan geen twyfel hoegenaamd nie dat die agb. lid se sogenaamde dubbele salaris hom nie in die minste verryk het nie. Hy het baie meer verloor deur sy ingenieursfirma in die steek te laat en deur sy plig te doen in uniform, as wat hy buitekant sou gemaak het. Van dubbele salaris gepraat, ek sê graag die handelsrekenings van die agb. lede aan die oorkant wil sien. Ek is seker dat hulle gedurende die oorlogstydperk meer as dubbeld hulle vooroorlogse inkomste verdien het.

Mnr. LOUW: Wat van Johannesburg-(Wes)?

Mnr. J. H. CONRADIE: Vertel ons van jou eie diensrekord.

Mnr. JACKSON: As die gebrom van die lede aan die oorkant bietjie bedaar het kan ons miskien verder gaan.

„n AGB. LID: Laat ons hoor

van Johannesburg-(Wes).

Mnr. JACKSON: Die agb. lid vir Johannesburg-(Wes) is nie teenwoordig nie. Ek kan nie oor sy diensrekord praat nie. Ek weet nie wat dit is nie. Hy sal ongetwyfeld in staat wees om vir homself te spreek.

Mnr. S. E. WARREN: Wat van jou eie diensrekord?

Mnr. JACKSON: Ek meen dat ek nou afdoende afgeraken het — om te oordeel na die applous wat my poging by die Nasionale Opposisie uitgelok het — met die beskuldiging wat teen die agb. lid vir Rosettenville gemaak is. (Tussenwerpsels). Dit lyk vir my of hulle seerkry....

Mnr. BOLTMAN: Dit sal moeilik gaan om jou dik vel seer te maak.

Mnr. JACKSON: ... en dat die waarheid wat nou aan die agb. lede aan die oorkant vertel is, hulle goed sal doen.

Mnr. SUTTER: Jy kan niks in hulle verstand inkry nie.

„n AGB. LID: Het jy vleis gekry op hierdie vleislose dag?

Mnr. SUTTER: Aangesien ek nie 'n armblanke is nie, het ek.”

Hierdie stuk sotterny is maar 'n gedeelte van die debat. As gevolg van min ruimte kan ons nie die hele relaas hier weer- (Vervolg in volgende kolom)

Engelssprekendes Stel Belang In Ossewabrandwag

Steeds meer Engelssprekendes begin belang stel in die Ossewabrandwag. Daar is reeds soveel ondersteuners van die Beweging in die Kaapse Skiereiland dat daar talle versoeke aan Die O.B. gerig word om ook stukke in Engels te publiseer.

In die afgelope week het twee Engelssprekendes afsonderlik 'n besoek aan die redaksiekantoor gebring om meer inligting omtrent die Beweging in te win. Die een was 'n kaptein in die Britse Lugmag tydens die oorlog en het so pas na Suid-Afrika teruggekeer met 'n Engelse vroultjie.

„Sake in ons land is in 'n hopelose warboel, en slegs 'n ingrypende verandering van die huidige politieke beheer sal ons land kan red”, het hy gesê.

Hy meen dat die rigting wat die Ossewabrandwag volg om eers te begin met die afskaffing van die parlement „wat onder Joodse plak staan”, die regte weg is. Hy het gesê dat sy oë oorgegaan het toe hy gesien het wat in Europa aan die gang is. Die wêreld is deur Joodse propaganda mislei, het hy beklemtoon.

LEER AFRIKAANS

Die ander persoon is 'n baie intelligente dame wat haar nou hard daarop toelê om Afrikaans te leer.

„Van al die politieke organisasies vandag in die land, is ek oortuig dat die Ossewabrandwag die beste is”, was haar kommentaar nadat sy breedvoerig ingegaan het op die moontlike implikasies van die O.B.-beleid.

„n Opvallende feit is dat baie Engelssprekendes deur die oorlog tot 'n groter Suid-Afrikaanse nasionalisme gedryf is. Dit is dan ook veral mense wat self

in die leër was of bloedverwante in die leër gehad het, wat nou in die Ossewabrandwag begin belang stel. Hulle besef dat die oorlog tevergeefs was en dat Engeland 'n groot fout begaan het om teen Duitsland te veg, wat as bolwerk teen die kommunisme gestaan het. En die feit dat die Ossewabrandwag nie vandag probeer om sy oorlogsverlede dood te vee, soos 'n sekere politieke party doen nie, laat hierdie Engelssprekendes meer simpatiek teenoor hom staan.

SELF'S NATALLERS

„n Ander oorsaak vir die groeiende Suid-Afrikaanse gevoel by 'n groot aantal Engelssprekendes is hul regstreekse aanraking met die Britse Tommies. „Nadat ek hulle gesien het, begeer ek nie om in Engeland te kom nie”, het 'n Rhodesiese oud-soldaat, wat Engels-sprekend is, aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. gesê.

Ook hy het die O.B.-beleid met geesdrif aanvaar, en aangegring op 'n Engelse koerant wat die O.B.-rigting in Rhodesië kan versprei.

„n Suid-Afrikaanse soldaat van die Sesde Divisie vertel dat dit eintlik komieklik was om te sien hoe Engelssprekendes van Natal in Italië met groot gebaar ontken het dat hulle Engelse is. „We no English, we South-Africans”, het hulle beklemtoon en met trots na hul skouerlussies gewys.

Duitse Soldate Meld Hulle vir Diens Aan Teen Rusland

So seker is die Duitsers dat daar binnekort 'n oorlog tussen Rusland en die Westerse moondhede gaan uitbreek, dat soldate reeds hul dienste by die Britse leëroverheid aanbied in geval van oorlog, lui 'n berig in die Daily Worker, wat aangehaal word deur die Guardian, kommunistiese orgaan in Kaapstad.

William Rust, verteenwoordiger van die Daily Worker in Duitsland, skryf dat gerugte van oorlog tussen Engeland en Rusland aanhoudend in omloop is.

Die waarneming van die verskuiwing van kanonne in 'n oostelike rigting deur die Britte, is genoeg om vrouens se tonge aan die gang te sit dat die oorlog reeds begin het.

„Dit is geen ongewone gebeurtenis dat Duitse oudsoldate hul dienste by die Britse overheid aanbied vir 'n nuwe oorlog teen Rusland nie, wat hulle glo net om die draai is.”


Ook die Britse offisiere sou, volgens die korrespondent, geesdriftig voel vir 'n oorlog teen die Sowjet. „'n Britse kaptein het aan Rust meegedeel dat hy gewillig is om môre teen die Russe te veg.”

Beweer word ook dat die Poolse bevelhebber, genl. Anders, nog steeds nuwe rekrute vir sy leër werf uit alle nasionaliteite. „Daar is 'n gegronde gerug dat selfs Duitsers toegelaat word om aan te sluit.”

DANK VIR HULP

Mnr. J. E. Seyffert van Kensington, Johannesburg, skryf as volg aan die sekretaris van die Noodhulpfonds:

„Hiermee wil ek my innige dank uitspreek vir al die hulp en ondersteuning verleen aan my afhanklikes gedurende my internering. Deur u getroue bystand was dit nooit nodig vir my huisgesin om gebrek te ly nie.”



Dis 'n stel wat 'n naam maak en u 8% Diwidend help betaal



Hierbo is een van die stelle wat Excelsior-Meubels Beperk so gewild maak en wat gehelp het om die omset van £46,474 in 1942 laat styg het tot £288,646 in 1945. Daarom het u as aandeelhouer nog jaarliks 'n diwidend van 8 pst. op u opgetaalde gewone aandele ontvang. Excelsior-Meubels Beperk het in 1941 met een fabriek en een winkel begin. Vandag het die maatskappy drie fabriekke en nege winkels. 'n Mens is dan ook nie verwonder dat die eerste uitgifte van £200,000 aandele reeds opgeneem is nie. Baie beleggers het die moontlikhede vroegtydig besef. Baie meer sal besef hoe dié vraag na meubels gaan styg na mate die tekort aan huise aangesuiwer word. Vir hulle sal die nuwe uitgifte van Excelsior-aandele baie welkom wees.

Winkels te: De Villiersstraat, 15, Johannesburg; Meyerstraat 183, Germiston; hoek van Andries- en Pretoriusstraat, Pretoria; Kerkstraat 108, Potchefstroom; Crossstraat 42, Kroonstad; Maitlandstraat 69 en St. Andrewsstraat 123, Bloemfontein.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

Organisasiekantore waar inligting aangaande die nuwe uitgifte van aandele kan verkry word: Spoorbondkasgebou 603, Johannesburg; Maitlandstraat 69, Bloemfontein; Groote Kerkgebou 614, Kaapstad.

Die Besturende Direkteur, Excelsior-Meubels Bpk., Posbus 6670, Johannesburg.

Stuur my asseblief u brosjure „'n Vaste Koers” wat die prospektus bevat en besonderhede van Excelsior-Meubels se groei en toekoms.

NAAM

(Bliekletters asb.)

ADRES